# SAWA OOS-RAND

## AJV: 5 – 7 Augustus 2011

## Bloekompoort

Die kamp was geskeduleer om by Serengeti gehou te word. Omdat die afstand so ver was, en die paaie soontoe is boonop in 'n bitter slegte toestand, het ons die kamp verskuif Bloekompoort toe. 'n Ander SAWA streek, Overvaal, het ook die naweek hulle AJV by Bloekompoort gehou, en ons het lekker saam met hulle gekamp en gekuier.

***Vrydag:***



Die waens kom so stuk-stuk aan te Bloekompoort, en almal rig kamp in vir 'n koue winterskamp. Die aand hou ons weer 'n gesamentlike braai, en die koue dwing almal in die waens in, waar ons vroeg ingekruip het. Sommige van ons loop toe oor na Overvaal se mense toe, toe ons die kitaarklanke en die singery hoor.

Neels Otto en sy kitaar verdryf bietjie die koue, en ons sing en luister na al ons ou gunstelinge en ons kuier heerlik saam by Anton Koekemoer en sy vrou voor hulle wa.

***Saterdag:***





Die winter is nog met ons, en almal is in rep en roer vir die AJV wat 10:00 afskop. Daleen sorg dat die saal behoorlik opgestel word sodat die saal waarin die AJV vergadering gehou word, bietjie meer kleur in die grou winteroggend verleen. Die tafels lyk toe pragtig, met die hulp van Petro se blomme, en die AJV kon voortgaan.



Die res van die dag is gewy aan kuier, kuier, en nogmaals kuier. Tienie Herholdt staan met sy wa reg langs ons streek, en ons maak ook daar nuwe vriende.



Bloekompoort, en meer spesifiek, Hennie Oberholzer, sorg dat ons die aand 'n behoorlike 5-ster maaltyd kan geniet, en almal smul heerlik aan sy aandete. Almal is dit eens dat Hennie se kos voortreflik was, en ek eet so baie dat ek eintlik rekmerke kry!

Na die verrigtinge in die saal keer ons weer terug woonwaens toe, waar 'n koue windjie ons weereens inwag. Gelukkig was ons voorbereid hierop, en ons pak 'n kampvuur om die koue te verdryf saam met 'n warm beker boeretroos!





Ongelukkig bly daar toe ook in die proses 'n ou gunsteling kombersie in die slag toe 'n kooltjie uit die vuur bo-op die kombers beland!

(Maar nou ja, Afrika was nog nooit 'n plek vir sissies gewees nie...)

***Sondag:***



Sondag oggend maak ons reg vir erediens, en ons skakel op uitnodiging van Overvaal, by hulle in. Met behulp van die tegnologie, luister ons na 'n preek wat uitgesaai was op KykNet, en Neels sorg vir die begeleiding met sy kitaar. Neels het, het sy musiek talent en – gawe, die lofsang sessie vir ons behoorlik ingekleur en almal het uit volle bors saamgesing. Dankie Neels! Mag jy vir jare nog geseën word met jou kitaar en jou passie daarvoor.






Na die erediens het ons weer lekker saam gekuier, want daar was geen haas om vinnig kamp op te pak nie, Bloekompoort is mos lekker naby aan ons huise.



Tannie Annatjie & tannie Gertie het ons toe later bederf met heerlike gebak omdat tannie Annatjie verjaar het, en ons het vir oulaas saamgesmul voordat ons een-een begin oppak het.

***** Lukas Maree: "My kiekies is bewyse, my lewensinventaris, 'n prentjiekommentaar van my bestaan..." *****